

Galasiërs 6:1-5

Onderlinge verhoudings

1 Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. 2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus. 3 Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself. 4 Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. 5 Want elkeen sal sy eie pak dra..

Inleidend

In die voorafgaande gedeelte (Gal 5:16-26) het Paulus daarop gewys dat die Gees en die vlees voortdurend in elke Christen in stryd is met mekaar. Die Christen wat deur die Gees wandel, oorwin die vlees deur die vlees aan die kruis te los waar dit uiteindelik heeltemal kan sterf (Gal 5:24).

Om deur die Gees te wandel, het praktiese gevolge. Een daarvan is al aan die einde van Galasiërs 5 opgemerk. Christene is nie meer verwaand nie. Hulle is daarop uit om iemand anders uit te tart of te beny nie (Gal 5:26). 'n Christen wat deur die Gees wandel, is tevrede met die gawes wat hy van die Gees ontvang het en hy werk voluit daarmee onder leiding van die Heilige Gees.

Galasiërs 5:26-6:5 stem ooreen met die onderrig in Efesiërs 5:18 en verder. In Efesiërs 5 word die Christen opgeroep om met die Gees vervul te wees en hier in Galasiërs word die Christen opgeroep om deur die Gees te wandel. In albei hierdie Skrifgedeeltes sien ons dat die eerste en duidelike bewys dat 'n mens deur die Gees wandel nie 'n private mistieke ervaring op jou eie is nie, maar praktiese liefde teenoor mede gelowiges. Liefde is immers as die eerste deel van die vrug van die Gees genoem (Gal 5:22).

Dit is egter maklik om van liefde vir mekaar so in die algemeen te praat. Die eintlike toets of 'n mens deur die Gees wandel is wanneer daardie liefde op 'n baie konkrete

en spesifieke manier aan iemand betoon moet word. In die volgende verse lig Paulus dan uit hoe Christene hulle liefde teenoor mekaar in 'n spesifieke omstandigheid moet betoon. Die voorbeeld wat hy gebruik is die van 'n medegelowige wat in een of ander sonde geval het.

Om 'n sondaar te herstel – vers 1

- 1. Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.**

Christene wat deur die Gees wandel, is beslis nog nie volmaak en sondeloos nie. Die omstandighede wat in hierdie vers geskets word, is waar 'n medegelowige in een of ander sonde geval het. Christene wat deur die Gees wandel het nog steeds 'n vlees wat spook en beur om aan die lewe te bly, alhoewel dit reeds gekruisig is.

Daarom kan dit gebeur dat 'n gelowige deur een of ander sonde oorval word. Dit was nie sy bedoeling of beplanning om die sonde te doen nie. Maar voordat hy hom kon kry, het hy dit klaar gedoen. Dit gebeur gewoonlik wanneer 'n gelowige nie meer waaksaam is vir die versoekings nie. Sy konsentrasie om goed op te let hoe die Gees hom lei, is vir 'n kort oomblikkie weg. Dit is net vir hierdie geleentheid wat die vlees gewag het. Subtiel word die begeerte in die Christen aangewakker en omdat hy nie meer konsentreer op die leiding van die Heilige Gees nie, laat hy homself deur die begeerte meesleep.

In die meeste gevalle is dit nie die een wat geval het wat ontdek dat hy geval het nie. Dit is ander mense wat hom betrap waar hy geval. Nog voordat hy kon vlug of sy sonde wegsteek, is hy betrap. Wat moet met so gelowige gedoen word? Paulus gee nou die eenvoudige praktiese raad vir hulle wat hulleself nog bewustelik onder die leiding van die Heilige Gees bevind. Dit is nie net sommige Christene wat opgeroep word om hierdie werk te doen nie, maar almal wat aan Jesus Christus behoort. Elkeen wat in Christus glo, het die Heilige Gees en behoort daarom geestelik te wees.

So 'n medegelowige wat in sonde geval het, moet reggehelp word. Die woord wat

ons met *reghelp* vertaal is in die mediese wêreld gebruik wanneer 'n gebreekte been weer op die regte plek gekry word om gesond te word. Hierdie gelowige moet weer op die regte spoor gebring word waar hy hoort, naamlik agter die Gees aan.

Hiermee het Paulus dit baie duidelik gemaak dat gelowiges nie kan maak asof dit niks met hulle te doen het wanneer 'n medegelowige in sonde geval het nie. Jy kan nie verby loop en maar net aangaan met jou verhouding met die Here nie. Jy kan ook nie so iemand verag en in jou hart veroordeel nie. Nog minder moet jy so iemand by die leiers in die gemeente gaan verkla of oor hom skinder by die ander gelowiges nie. Jou taak is om so iemand reg te help. Paulus maak nie duidelik wat jy moet doen om so iemand reg te help nie, maar hy sê hoe dit gedoen moet word. Oor die wat jy moet doen om iemand reg te help, gee Jesus in Matteus 18:15-17 die antwoord.

Die een wat die gevalle gelowige reghelp, behoort dit met 'n gees van sagmoedigheid te doen. Sagmoedigheid hier is presies dieselfde woord wat ons in Galasiërs 5:22 as deel van die vrug van die Gees teëgekomp het. Dus, in die reghelp van die medegelowige is jy besig om deur die Gees te wandel. Dit is ook net diegene wat deur die Gees wandel wat regtig in staat is om 'n medegelowige reg te help. Mense wat hulle met 'n wettiese godsdiens ophou, sal dit nie regkry om iemand reg te help nie.

Terwyl jy die ander gelowige reghelp moet jy op jouself ook let, sodat jy nie ook in die versoeking kom nie. Omdat jy iemand reghelp, beteken dit nie dat jy nie in die sonde kan val nie. Jy het ook nog 'n vlees wat teen die Gees stry en juis teen die Gees stry om nie die ander een reg te help nie. Daarom dan met 'n gees van sagmoedigheid, omdat jy weet dat jy ook 'n kandidaat is om in die sonde te val.

Dra mekaar se laste – verse 2 tot 5

2. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

Met hierdie onderrig oor hoe 'n mens 'n medegelowige moet reghelp wat in een of ander sonde geval het, probeer Paulus geensins om die sonde as nie so ernstig te teken nie. Hierdie gelowige het 'n las wat hy moet dra, maar as gevolg van sy

swakheid en as gevolg daarvan dat hy sy konsentrasie verloor het, het die las vir hom te veel geword en hy het onder die las ingegeë.

Die veronderstelling wat uit hierdie woorde na vore kom, is dat elke gelowige 'n las het wat hy moet dra. Daarom het Paulus aan die einde van vers 1 daarop gewys dat die een wat reghelp op homself moet let dat hy nie ook in die versoeking kom nie. Alhoewel elkeen 'n las het om te dra, beteken dit nie dat God wil hê elkeen moet dit altyd alleen dra nie.

Daar is sommige gelowiges wat van die veronderstelling uitgaan dat hulle altyd alleen aan hulle laste moet dra. Hulle wil nie ander gelowiges daarmee opsaal nie. Ander gelowiges sê weer dat jy jou laste aan die Here moet oorgee (Ps 55:23; Matt 11:28). Hulle argument is dat ons 'n Goddelike lasdraer het en Hy is by magte om die las te dra. Daarom sal dit 'n teken van swakheid wees as jy ander mense met jou laste opsaal. Jesus Christus is inderdaad die Draer van die las van ons sondeskuld. Maar sondeskuld is nie al las wat ons het nie. Daar is ook nog die laste van bekommernis, versoeking, twyfel en hartseer. Natuurlik kan ons ook hierdie laste na die Here bring (Fil 4:6; 1 Pet 5:7). Maar dan moet ons ook onthou dat een van die maniere waarop Hy ons laste dra is deur ander gelowiges. Hy het gelowiges immers aan mekaar gegee as gawes. Paulus het self beleef hoe die Here deur 'n ander mens sy laste vir hom ligter gemaak het (2 Kor 7:2-11).

Dit is dus 'n verantwoordelikheid van elke Christen om 'n medegelowige wat onder sy las geswig het dadelik te help. So vervul 'n mens die wet van Christus. Christus het sy wet baie duidelik bekend gemaak. Gelowiges moet mekaar liefhê, soos wat Hy hulle liefgehad het (Joh 13:34-35; 15:12).

In Galasiërs 5:14 het Paulus al daarop gewys dat om jou naaste lief te hê soos jouself die wet is wat vervul moet word. Hierdie liefde vir ons naaste betoon ons juis wanneer ons hulle help om die las te dra wat in daardie stadium vir hulle te swaar geraak het. Dit is dus liefde om mekaar reg te help wanneer iemand in een of ander sonde geval het. Dit is so anders as wat mense tug gewoonlik verstaan.

En aangesien die valse leraars en van hulle aanhangers onder diegene is wat die

brief gehoor het, kan ons ook aflei dat Paulus hierdie woorde sê met die oog op die valse leraars. Hulle moenie die Galasiërs belas met die wet, soos wat hulle dit aan die Galasiërs kom voorhou het nie (vgl. Luk 11:46; Hand 15:10, 28). Die wet hulle moet gehoorsaam, aangesien hulle so op die wet gesteld is, is om die las vir die Galasiërs ligter te maak en so ook dan die wet van Christus vervul.

3. Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself.

Indien 'n gelowige nie bereid is om 'n medegelowige te help dra aan sy laste nie, is daar eintlik net een rede vir so 'n onwilligheid. Hierdie gelowige dink hy is belangriker as die ander een wat deur sy laste oorval is. Hy dink dit is benede hom om so iemand te help. Dit kom dus daarop neer dat sy eie trots oor homself hom daarvan weerhou om 'n dienskneg vir sy medegelowige te wees en so die wet van Christus te vervul. Teen hierdie houding het Paulus al in Galasiërs 5:26 gewaarsku.

Trots is self gefokus. Iemand wat self trots het, dink nie noodwendig dat hy beter as iemand anders is nie. Hy dink hy is belangriker as iemand anders, daarom meen hy dat hy meer van sy eie aandag en liefde moet kry as wat iemand anders dit moet kry. Bybelse nederigheid is juis anders om. 'n Nederige Christen sien homself as niks en sy naaste as belangrik, daarom skenk hy tyd en aandag aan die ander een sy behoeftes en nood. Hierdie trotse Christen sal ook weier om iemand anders se hulp te aanvaar wanneer iemand anders bereid is om sy las te help dra.

Ons moenie uit hierdie vers aflei dat sommige Christene iets is en ander niks is nie. En nou is dit iemand wat niks is wat dink dat hy iets is. Inderwaarheid is alle Christene in hulleself niks. Daarom het Paulus in Filippense geskryf: **Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n** (Filippense 2:3-4 AFR53).

In 'n gemeenskap van ware gelowiges kyk almal op na mekaar, want almal is belangriker as jyself. Dus kyk almal op na jou toe omdat hulle jou belangriker as hulleself. En niemand kyk op iemand neer nie.

Wie egter dink hy is belangriker as iemand anders terwyl dit nie die geval is nie, mislei hy homself. Dit is die gevolg van self trots. Jy word blind vir jou eie tekortkominge en vergeet dat jy net soos 'n ander mens niks anders as die oordeel van God verdien nie. Dat jy gered is van die oordeel, was alleen maar net die genade van God net soos wat elke ander mens maar net deur die genade van God gered word.

Gelowiges moet hulle dus nie met mekaar vergelyk nie. Hulle moet eerder doen wat in vers 4 en 5 geskryf staan.

4. Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. Want elkeen sal sy eie pak dra..

'n Gelowige moet homself nie ander mense vergelyk nie. Wie homself met ander mense vergelyk, sal in sy eie oë altyd beter lyk as ander mense, want hy vergelyk homself gewoonlik met mense wat in sy oë erger sondes doen as hy. In plaas daarvan dat 'n gelowige homself met iemand anders vergelyk, moet hy sy eie werk op die proef stel.

Die standaard waaraan 'n gelowige sy eie werk moet toets, is nie ander mense se werk nie, maar God se wil. Toets of jou eie werk aan die wil van God voldoen. Indien jou werk dan in ooreenstemming is met die wil van God het jy grond om te roem – nie omdat jy beter is as iemand anders nie – maar omdat die genade van God in jou aan die werk is. 'n Ware gelowige roem immers nie oor homself nie, maar hy roem in die Here.

Op die laaste dag staan elkeen vir homself voor die Here verantwoordelik. Elkeen sal sy eie pak dra (Rom 14:10; 2 Kor 5:10). Vers 5 en vers 2 weerspreek mekaar nie. Die woord wat ons in vers 2 met *las* vertaal is 'n ander woord as die een in vers 5 wat ons met *pak* vertaal. 'n Las is iets wat vir iemand te swaar geword het om self te dra. 'n Pak is elkeen se eie pak wat hy moet dra. Vers 5 maak dit dus duidelik dat elke gelowige sy eie verantwoordelikheid voor God het waarvoor hyself verantwoording moet doen. Deel van hierdie verantwoordelikheid is om medegelowiges te help dra aan hulle laste.

Galasiërs 6:6-10

Saai en maai

6 Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee.

7 Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. 8 Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. 9 En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. 10 Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

Inleidend

Paulus het Galasiërs 6:5 afgesluit met die blik op die dag wanneer elke gelowige voor God verantwoording moet doen oor dit wat hy in hierdie lewe gedoen het. Dit was egter nie die eerste keer dat Paulus na die laaste dag van verantwoording voor God verwys het nie. Regdeur die brief het hy terloops daarna verwys.

In Galasiërs 1:8 en 9 het Paulus daarop gewys dat die mense wat 'n ander evangelie verkondig deur die vloek van God getref sal word. Hulle sal veroordeel word op die laaste dag. In Galasiërs 3:29 het Paulus na ook na die laaste dag verwys toe hy opgemerk het dat diegene wat aan Christus behoort ook erfgename is kragtens die belofte van God. Hulle wat aan Christus behoort, sal dus die ewige lewe ontvang.

In Galasiërs 5 is daar meer flitse op die laaste dag. Die mense wat hulle laat besny, het hulle band met Christus verbreek en die genade van God verbeur (Gal 5:4). Die ware gelowiges wag egter met hoop op die finale vryspraak (Gal 5:5). In Galasiërs 5:10 wys Paulus weer daarop dat die mense wat die verwarring onder die gelowiges stig deur God gestraf sal word. Later wys hy daarop dat die mense wat hulle aanhoudend besig hou met die werke van die vlees nie die koninkryk van God as erfenis sal verkry nie (Gal 5:21). En nou het hy die vorige deel afgesluit met die blik op die verantwoording wat elkeen voor God sal moet doen.

Op hierdie tema bou Paulus nou voort met die beeld van saai en maai. Wat jy saai, sal bepaal wat jy op die uiteinde sal oes. 'n Mens kan nie verwag om koring te oes as jy gars gesaai het nie. Nog minder kan 'n mens 'n groot en 'n goeie oes verwag as jy swak saad gesaai het en dit ook maar net karig gedoen het. Daarom moet 'n mens oppas om jouself nie te mislei wanneer dit by die geestelike saai en oes kom nie.

Wie vleeslike saad saai, kan nie verwag om iets van die Gees te oes nie, want die Gees en die vlees staan lynreg teenoor mekaar. Daarom moet 'n mens waaksaam wees oor wat jy en hoe jy saai, want op die uiteinde is dit nie jy wat self die oes inhaal nie, maar God. En jy kan God nie 'n rat voor die oë draai nie. In die volgende verse lig Paulus die beginsel van saai en oes toe.

Christelike bediening – vers 6

5. Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee.

Die woord wat ons vertaal met *onderwys ontvang* is dieselfde woord wat ook vertaal kan word met *katkiseer*. Die wat dan onderwys uit die Woord ontvang, kan 'n enkeling of 'n groep of die hele gemeente wees wat deur die prediker onderrig word uit die Woord.

In lyn met die opdrag wat in die eerste vyf verse gegee is, naamlik dat daar vir mekaar sorg gedra word, gee Paulus hier die beginsel dat hulle wat die Woord onderrig deur die wat die onderrig ontvang behoort te word. Die een wat die onderrig gee, saai die Woord van God en maai 'n lewensbestaan.

Hierdie beginsel is in ooreenstemming met Jesus se woorde aan die sewentig wat Hy uitgestuur het: **Bly dan in daardie selfde huis en eet en drink wat hulle het, want die arbeider is sy loon werd** (Lukas 10:7 AFR53). Aan die Korintiërs het Paulus dieselfde waarheid geskryf: **As ons vir julle die geestelike gesaai het, is dit 'n groot saak as ons julle stoflike goed maai?** (1 Korintiërs 9:11 AFR53).

Die wyse waarop hierdie beginsel tot uitvoering behoort te kom, is opgesluit in die woord wat ons vertaal met *meedeel*. Dit is dieselfde woord wat ons ook vertaal met

gemeenskap hê met mekaar – koinonia. Die een wat onderrig uit die Woord gee, het gemeenskap met die wat onderrig ontvang deurdat hy hulle deel laat kry aan die geestelike dinge wat die Here aan hom gegee het. Daaruit volg dat diegene wat onderrig ontvang, gemeenskap het met hom wat die onderrig gee deurdat hulle hom laat deel kry aan die stoflike gawes wat die Here aan hulle gegee het. Daarom behoort hierdie versorging ook nie gesien te word as betaling nie. Dit is mededeling met mekaar in dit wat elkeen van die Here ontvang het.

Die waarheid agter die beginsel – vers 7

1. Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.

Hierdie woorde staan direk na die beginsel dat die wat onderrig ontvang hulle wat onderrig gee, moet laat deel in alle goeie dinge. Daarom sal hierdie waarheid natuurlike wys eerste op daardie beginsel slaan.

Hulle wat die onderrig ontvang en die wat onderrig gee laat deel in alle goeie dinge moenie dink dat hulle besig is om geld in die water te gooi nie. Wie so redeneer, is besig om te dwaal. En nog erger, hy is besig om met God te spot. Dit is immers selfsug wat veroorsaak dat so 'n mens redeneer dat hy geld in die water gooi. En dit is hierdie selfsug wat spot met God se vrygewigheid. Wat ons het, het ons gekry uit God se genade en nie deur ons eie toedoen alleen nie.

Paulus wys daarop dat wanneer 'n mens die Here gehoorsaam, hou dit vir jouself baie voordele in. Om die wat onderrig gee te laat deel in alle goeie dinge is nie tot voordeel van die een wat onderrig gee nie, maar tot voordeel van die wat onderrig ontvang. 'n Mens moet die goeie dinge waarin jy die ander een laat deel sien as saad wat jy saai. En die saad wat jy saai, bepaal die oes wat jy gaan inhaal. Jy kan immers net oes wat jy gesaai het.

Hierdie waarheid sien egter ook op die goed doen waarvan in vers 1 gepraat is en oor die goed doen wat weer in vers 9 en 10 ter sprake kom. Wanneer ons iemand wat in sonde geval het, nie reg help nie en wanneer ons nie goed doen aan iemand wanneer ons kan nie, is ons besig om met God te spot wat ons met sy vrygewigheid

oorstroom. Elkeen sal immers van sy eie doen en late rekenskap moet gee en daarvolgens sal ons die oes ontvang op die laaste dag. 'n Mens kan immers net oes wat jy gesaai het.

Christelike heiligheid – vers 8

1. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.

Net wat 'n mens saai, dit sal jy oes. Die mens wat in sy vlees vleeslike dinge saai, sal nie nog 'n vlees of 'n groter vlees oes nie. Hy gaan verderf oes. Die mens wat egter in die Gees geestelike dinge saai, sal nie nog 'n Gees of 'n groter Gees oes nie. Hy sal uit die Gees die ewige lewe oes. Wanneer jy koring saai, sal jy koring oes. Wanneer jy die saad van 'n appels saai, gaan jy nie nog appels sade oes nie. Daar gaan 'n boom voort kom waarvan jy baie appels met sade gaan oes.

Paulus keer in hierdie vers terug na die tema van die vlees en die Gees wat hy in Galasiërs 5:16-25 in detail hanteer het. In Galasiërs 5 is die Christelike lewe as 'n slagveld geteken waarop die Gees en die vlees in stryd is met mekaar. Hier in Galasiërs 6 word die vlees en die Gees as twee soorte saagrond geteken. Die oes wat ingehaal word, word bepaal deur die saagrond waar en die soort saad wat gesaai word.

Hierdie waarheid is lewensbelangrik. Ons is nie maar net uitgelewer aan die omstandighede en ander mense nie. Inteendeel, dit wat ons word, word grootliks bepaal deur hoe ons optree – ons karakter word deur ons optrede gevorm. In Galasiërs 5 is ons aangesê om deur die Gees te wandel. Hier in Galasiërs 6 word ons aangesê om in die Gees te saai. 'n Mens kan nie verwag om die vrug van die Gees te oes, as jy nie in die Gees saai nie. 'n Mens kan nie verwag om in heiligheid te groei as jy die heeltyd op die akker van die vlees saai nie.

Wat is die saad wat ons saai? Dit is gedagtes, woorde en dade. As jy 'n gedagte saai, sal jy 'n handeling oes. As jy 'n handeling saai, sal jy 'n gewoonte oes. As jy 'n gewoonte saai, sal jy 'n karakter oes. As jy 'n karakter saai, sal jy 'n eindbestemming oes.

Christelike goed doen – vers 9 en 10

1. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.

Om goed te doen aan ander mense – of dit nou is om iemand anders te help om sy las te dra, of om hom reg te help wanneer hy in sonde geval het, of watter goeie ding 'n mens ook al doen – kan 'n mens moeg maak. Dit is nie noodwendig die goed doen op sig self wat 'n mens moeg maak nie, maar die feit dat 'n mens aanhou en aanhou met goed doen en soms lyk dit net asof daar geen vordering is nie.

Om die gelowiges aan te spoor om nie moeg te word nie, herinner Paulus daaraan dat goed doen soos saai is. Jy saai nie vandag die saad en môre haal jy al die oes in nie. Daar is tyd nodig dat die saad moet ontkiem en tot volle wasdom kom. Daarom die aansporing en bemoediging om nie moeg te word om goed te doen nie, want op die regte of bestemde tyd sal ons die oes inhaal.

Die regte tyd is nie die tyd wat ons verkies nie, maar die tyd wat God in sy alwysheid self bepaal het. Jesus het self die verkondiging van die evangelie met saai en oes vergelyk (Matt 9:37; Joh 4:35-37). Die voorwaarde om hierdie oes te sien en in te haal, is dat 'n mens nie moet verslap nie. Dit is om te midde van die arbeid so moeg en moedeloos te word dat jy ophou met arbeid. Jy het al die moeisame werk gedoen, maar omdat jy moeg geword het, is die saai werk nie voltooi nie en daarom is al die moeisame werk onvervuld.

2. Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

Paulus gee hierdie onderrig nie uit die hoogte aan die Galasiërs nie. In vers 9 en 10 gebruik hy die eerste persoon meervoud *ons* en sluit homself dus in. Hy moet ook nie moeg word om goed te doen, sodat hy ook op die regte tyd die oes kan insamel. As gevolg van die valse leraars se invloed onder die Galasiërs het Paulus se werk onder hulle nog nie vrug opgelewer as wat 'n mens sou verwag het nie. Daarom spreek Paulus homself ook aan dat hy nie moeg moet word om goed te doen nie.

Solank as wat daar geleentheid is om goed te doen, moet gelowiges die geleentheid

aangryp en goed doen. Hierdie brief is juis 'n geleentheid vir Paulus om met die gawes wat hy ontvang het goed te doen aan die Galasiërs maar ook aan die valse leraars.

Christene moet werksaam wees met hulle gawes waar die Here werksaam is. Die huisgenote van die geloof – dit is die kerk – is die plek waar ons veral werksaam moet wees met ons gawes. Maar ons moet nooit die oog verloor vir die mense wat nog buite die kring van die huisgenote is nie. Daarom moet ons ook goed doen aan die mense buite die gemeente – ook aan ons vyande.

Galasiërs 6:11-18

Laaste woorde

11 Kyk met watter groot letters ek met my eie hand aan julle skrywe.

12 Almal wat 'n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolgt te word nie. 13 Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem. 14 Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. 15 Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel. 16 En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!

17 Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam.

18 Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle gees, broeders! Amen.

Inleidend

Ons kom aan die einde brief aan die Galasiërs. Soos met die eerste brief aan die Korintiërs en die tweede brief aan die Tessalonisense sê Paulus ook hier uitdruklik dat hy self die brief in sy eie handskrif afsluit.

Afgesien van die gebruikelike seëngroet aan die einde van die brief skryf Paulus hier iets van 'n opsomming van die brief aan die Galasiërs. In verse 12 tot 15 kontrasteer hy weer die motiewe van die valse leraars met sy eie motiewe teenoor die Galasiërs. In vers 16 spreek hy 'n seën uit oor die wat wandel volgens die waarheid van die Here. Verse 17 en 18 is die laaste slot woorde aan die Galasiërs.

Paulus se handtekening – vers 11

6. Kyk met watter groot letters ek met my eie hand aan julle skrywe.

Paulus sluit die brief af met sy eie handskrif. Paulus het aan 'n professionele skrywer sy brief gedikteer. Maar sommige van sy briewe het hy in sy eie handskrif afgesluit om die outentisiteit daarvan te bevestig sowel as om 'n persoonlike afronding

daaraan te gee. Briewe wat Paulus so persoonlik afgesluit het, insluitende Galasiërs, is 1 Korintiërs, Kolossense en 2 Tessalonisense.

Die feit dat Paulus met groot letters geskryf het, word deur sommige kommentare daaraan toegeskryf dat hy 'n oogprobleem gehad het. Ander sê weer dit is omdat hy nie 'n professionele skrywer was nie. Die argument oor die oogprobleem kan nog geldig wees, maar dit blyk eerder asof Paulus in groot letters skryf om klem te lê om die sake wat belangrik sodat die Galasiërs dit nie sal vergeet nie.

'n Laaste woord oor die motiewe van die valse leraars – verse 12 en 13

- 1. Almal wat 'n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolgt te word nie.**

Die motiewe van die valse leraars word blootgelê. Hulle lê die besnydenis as 'n verpligting op die Galasiërs. Na bewering doen hulle dit omdat hulle besorg is oor die Galasiërs. Paulus sê egter dat dit ver van die waarheid af is. In hierdie vers en in die volgende een gee Paulus drie redes waarop hulle die besnydenis as 'n verpligting op die skouers van die Galasiërs lê.

Deur die besnydenis as 'n verpligting op die Galasiërs te lê, gaan die valse leraars van die standpunt af uit dat 'n mens nie gered kan word as jy nie besny is nie. Wanneer Paulus in vers 14 sê dat hulle wat besny is ook nie eers die wet onderhou nie, word dit duidelik dat dit vir die valse leraars bloot oor die uiterlike teken gaan. As jy maar net besny is, is alles reg. Hoe die gesindheid van jou hart is, maak nie vir hulle nie werklik saak nie.

In die eerste rede wat Paulus aanvoer waarom hulle die Galasiërs verplig om besny te word, hoor ons ook dat dit vir hulle bloot oor die uiterlike gaan. Hulle wil 'n mooi vertoning in die vlees maak. Jy moet maar net uiterlik die regte ding doen. Of jy dit om die regte rede doen of nie, is nie van belang nie.

Afgesien daarvan dat hulle die Galasiërs verplig het om besny te word ter wille van

die uiterlike vertoon, het hulle dit ook gedoen om nie ter wille van Christus vervolgt te word nie. Die valse leraars het Christus as die Verlosser verkondig en hulle het ook in Hom geglo. Maar omdat hulle geweet het dat Christus as die Verlosser 'n bitter pil is om te sluk vir die Jode het hulle die besnydenis bygevoeg sodat hulle onder die Jode nie gehaat word nie. Met die besnydenis het hulle hulleself aan die Jode getoon as mense wat nog hou by die oorgelewerde leer.

Deur die besnydenis as verpligting op die Galasiërs te lê, het die valse leraars hulleself in die gemoed gestreel – hulle doen nog die regte uiterlike dinge – en het hulle hulleself onaantasbaar gemaak teenoor die Jode, sodat hulle nie oor Christus vervolgt sal word nie.

2. Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem.

Wanneer Paulus sê dat hulle wat die besny is – die valse leraars – self nie die wet hou nie, soos wat hulle verplig is om te doen vanweë hulle vasklou aan die besnydenis (Gal 5:3), is hulle eintlik besig met 'n bedrogspul. Dit gaan vir hulle nie werklik oor die wet nie, maar dat hulle rede kan hê om te roem in die vlees van die Galasiërs.

Dit is dan die derde rede wat Paulus aanvoer. Hierdie valse leraars jaag getalle na – hoeveel mense hulle vir hulle saak kon oorhaal en wen. Oor die werklike gesindheid van die mense wat hulle oorgehaal het, maak nie saak nie.

Paulus se eie motiewe – verse 14 en 15

1. Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.

Teenoor die valse leraars wat graag roem oor hoeveel mense hulle na hulle saak toe oor gewen het en daardeur hoe beroemd en populêr hulle geword het, stel Paulus dit duidelik dat dit nie vir hom oor roem en populariteit onder mense gaan nie. Wat mense van hom dink, is nie belangrik nie.

Paulus sê dat hy veel eerder in die kruis van Jesus Christus roem. Vir die wêreld en vir die valse leraars wat in hulle eie hande werk wil roem, was dit onmoontlik om in die kruis van Jesus Christus te roem. In die kruis en deur die kruis kom nie die goeie hoedanighede van die mens na vore nie, maar juis sy slegte hoedanighede.

Die kruis basuin tog uit dat die mens in homself 'n sondaar is wat die ewige oordeel van God verdien. Die kruis getuig dat die mens nie self die skuld op sy sonde kan dra nie. Die kruis is die straf vir die vervloektes – die woord kruis of kruisiging is nie eers in goeie geselskap gebruik nie. Die kruis verkondig dat die mens inderwaarheid 'n vervloekte is. Die kruis getuig van die dood as straf op die sonde. Die kruis bring die mens tot vernedering. Self kan die mens niks doen om hom te verlos nie – hy kan nie die wet gehoorsaam om sy verlossing te bewerk nie, hy kan nie self met sy eie lewe vir sy sonde betaal en weer lewe nie. Die mens is geheel en al afhanklik van Jesus Christus wat die skuld betaal, die vloek wegdra, die dood sterf vir die mens wat dit nie kan doen nie.

Eers wanneer 'n mens homself in die skaduwee van die kruis gesien soos wat God hom sien, besef hy dat hy nooit oor homself of sy eie werke kan roem nie. Hy kan maar alleen in die kruis van Jesus Christus roem, want dit is die genade van God waaraan hy ook deel mag kry.

Die wêreld het sy eie waardesisteem waaraan mense hulle meet en waaraan hulle wil voldoen. Dit is 'n waardesisteem waarin die mens moet presteer met sy eie vermoëns. Die valse leraars is nog aan hierdie waardesisteem van die wêreld verknog. Paulus sê dat dit vir hom anders is – die wêreld is vir hom gekruisig en hy is vir die wêreld gekruisig.

In Galasiërs 5:24 het hy gesê dat die mense wat aan Christus Jesus behoort het hulle vlees gekruisig. Daarmee het hy bedoel dat die vlees eintlik veroordeel is en nie meer seggenskap oor die gelowige het nie. Nou sê hy dat ook die wêreld vir hom gekruisig is en hy is vir die wêreld gekruisig.

Tussen Paulus en die wêreld is daar 'n wedersydse haat vir mekaar en daarom ook 'n veroordeling van mekaar. Die wêreld se waardesisteem is vir Paulus gekruisig. As

Christen steur hy hom nie meer aan die waardesisteem van die wêreld nie, want hy het die waardesisteem van Christus waaraan hy homself graag meet en waaraan hy graag wil voldoen. Net so het die wêreld met sy waardesisteem ook vir Paulus afgeskryf omdat dit nie meer seggenskap oor sy doen en late het nie.

2. Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel.

Met hierdie woorde in vers 15 gryp Paulus terug op dit wat reeds in Galasiërs 5:6 gesê is. In 'n mens se verbondenheid aan Christus maak dit nie saak of jy besny is of nie besny is nie. Wat wel van belang is, is geloof in Jesus Christus wat tot dae van liefde oorgaan.

Iemand wat besny is nie beter daaraan toe in Christus as iemand wat nie besny is nie. Andersom geld dit ook. Iemand wat nie besny is nie is nie beter daaraan toe in Christus as iemand wat wel besny is nie. Die doen en late van die mens – wanneer dit kom by sy regverdiging voor God – het geen uitwerking oor sy in Christus wees nie. Mense werk het geen krag of invloed by die Here nie.

Wat wel krag het by die Here is dat die mens wat in Christus is tog 'n nuwe skepsel is. Nuwe skepsel is iemand in wie Christus gestalte gekry het. Hoe sal jy weet of Christus in 'n mens gestalte gekry het? Uit sy werke sal jy dit agterkom. Sy geloof in Jesus Christus veroorsaak dat sy liefde vir die Here oorgaan in liefde vir ander mense en dit word sigbaar in die dae wat hy doen wat ooreenstem met sy liefde vir God en vir sy naaste.

Die gelowige mens maak homself egter nie 'n nuwe skepsel nie. God doen dit deur sy Gees en Woord binne in die mens. En die mens doen gewillig mee aan hierdie verandering wat God teweeg bring.

Seën vir die wat volgens die waarheid lewe – vers 16

1. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!

John Stott merk op dat Paulus hier drie groot waarhede aangaande die kerk gee. In

die eerste plek bid Paulus vrede en barmhartigheid af oor almal wat wandel volgens hierdie reël. Paulus het nie geskroom om die vloek van die Here oor die valse leraars af te roep nie (Gal 1:8-9). Hulle was immers daarop uit is om die kerk van die Here van die Here af weg te roekel. Nou skroom Paulus ook nie om die vrede en barmhartigheid van die Here af te roep op hulle wat **volgens hierdie reël** wandel nie.

Die kerk kan alleenlik die vrede en barmhartigheid van die Here geniet wanneer sy wandel volgens die vasgestelde reël. Dit is dan die tweede waarheid aangaande die kerk: daar is 'n reël waarvolgens die kerk moet wandel om die vrede en barmhartigheid van die Here te geniet. Die Griekse woord wat ons met *reël* vertaal is *kanon*. Dit is die maatstaf waaraan die kerk moet meet en bepaal of hulle nog op die regte koers is.

Hierdie reël is die kanon van die Skrif, die leer van die apostels en hier in Galasiërs is dit in besonder die kruis van Jesus Christus. Die reël waarvolgens God nog altyd mense regverdig verklaar is deur die geloof en nie deur die werke van die mens nie. Volgens hierdie reël moet die kerk wandel en haar ook voortdurend aan toets en haar hervorm.

Indien die kerk sou kies om nie volgens hierdie reël te wandel nie, sal die teenoorgestelde van die seën van vrede en barmhartigheid ook vir hulle waar word. 'n Kerk wat die leer van die apostels verlaat en die kanon van die Skrif nie meer as maatstaf aanwend nie, sal onvrede beleef in hulle midde en nog meer onvrede ook met God.

Die derde waarheid aangaande die kerk is dat die wat volgens die reël wandel ook die Israel van God is. Die kerk is nie iets wat sommer plotseling na vore gekom het nie. Die kerk is die aaneen lyn vanuit die Ou Testament in die Nuwe Testament in van God se werk met mense wat aan Hom behoort. Keer op keer het Paulus in hierdie brief aangetoon dat diegene wat aan Christus behoort kinders van Abraham is (vgl. Gal 3:29). Hulle wat soos Abraham glo is die Israel van God. Hulle het die ware besnydenis wat nie aan die vlees nie maar aan die hart gedoen is deur Christus (Kol 2:11-13).

Slot woorde – verse 17 en 18

1. Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam.

Die littekens van die Here Jesus waarvan Paulus praat wat in sy liggaam is, is die merke wat agtergebly van die vervolging en fisiese lyding wat hy ondergaan het ter wille daarvan dat hy die evangelie van Jesus Christus verkondig. In Listra is op die eerste sendingreis gestenig en vir dood agtergelaat (Hand 14:19). Hierdie aanranding sou inderdaad merke op sy liggaam agter gelos het. Maar aan die Korintiërs skryf van al die ontberings wat hy deur gemaak het ter wille van die evangelie (2 Kor 11:23-25).

Hierdie littekens dien as bewys dat Paulus nie meer die besnydenis aanhang, soos sommige beweer het nie (Gal 5:11). Die besnydenis is nie ware kenmerk van 'n volgeling van Jesus Christus nie, maar die littekens wat Paulus dra as gevolg van die vervolging. Met hierdie littekens word die egtheid van Paulus se apostelskap ook bevestig.

Die woord wat ons vertaal met *littekens* is ook gebruik wanneer 'n slaaf gebrandmerk is met sy eienaar se naam op hom. Paulus se littekens is ook die brandmerk dat hy werklik 'n dienskneg van die Here Jesus is.

As hy dan sê **verder moet niemand my moeite aandoen nie** bedoel hy dat hy sal verkies om nie verder lastig geval te word oor sy apostelskap en oor die egtheid van die evangelie wat hy verkondig nie. Die bewyse in sy liggaam is meer as genoeg bewys, sodat hy nie nog verder sy apostelskap of die egte evangelie hoef te verdedig onder die Galasiërs nie.

2. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle gees, broeders! Amen.

Die grootste geskenk wat Paulus die gemeentes in Galasië kan toebid, is die genade van ons Here Jesus Christus. Hy het die brief begin met die gebruikelike genade groet (Gal 1:3) en hy het sy stomme verbasing uitgespreek dat die Galasiërs sou gou

afvallig geword het van God wat hulle tot die genade van Jesus Christus geroep het (Gal 1:6). Nou sluit hy sy brief af met dieselfde genade.

Sy bede is dat die Galasiërs deur die Gees in die genade van Jesus Christus sal wandel. Dan sal die grootsheid van Christus se volmaakte en voltooide werk vir hulle nog meer 'n werklikheid word. En die gevolg daarvan is dat hulle werklik in die vryheid sal vasstaan en hierdie standvastigheid sal duidelik word in 'n lewe wat werklik deur die Gees beheers word.